

Dinsdag 8 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 17:15-34 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Handeling 17:34

Onbekend vir wêreldse slimmes

'n Mens kan jou nie die wêreld indink sonder die mens met sy fenomenale breinvermoëns nie. Die wortels van die mens se wetenskaplike werksaamhede kan in 'n groot mate gevind word by die Grieks-Romeinse wêreld van die Nuwe Testament. In hulle soeke na die samehang van dinge, logika en filosofie, het hulle goeie insigte in baie dinge van die wêreld gehad.

Maar tog lees ons in ons teksgedeelte dat selfs die slimmes van die wêreld dikwels nie die belangrikste Waarheid van alles kan raaksien nie – tot hulle eie ondergang.

In Atene loop Paulus rond by die Areopagus. Die mense van Atene was nuuskierig en leergierig. Hulle het graag geredeneer en gedebatteer. Die Areopagus was dié plek hiervoor. Sonder om terug te deins voor die geleerdheid van sy gehoor, vertel Paulus hulle van die enige ware God van die heelal. Hy begin deur te verwys na die altaar wat hy in die stad gesien het met die inskripsie: Aan 'n onbekende god. Dit is wat kortkom in 'n wêreldstad met baie slim mense: hulle ken nie die enige ware God nie.

Aandagtig luister hulle na Paulus - totdat hy vertel van ons Here Jesus wat uit die dood opgestaan het. Dit is vir hulle een te veel: dis mos nie moontlik nie! Dit is nie logies nie! Alle bewyse stry daarteen! In al hulle slimigheid kry die Ateners God nie gevind nie. Hy bly vir hulle onbekend. Hulle verwerp Hom. En dit is hulle ondergang.

Mag dit met my en jou altyd wees soos met Dionisuis en Damaris wat tog op daardie dag tot geloof gekom het. Mag ons Hom elke dag beter leer ken – deur die krag van sy Woord en Gees.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)